**Opgradering van die JSRA Kamerasekuriteitstelsel**

Die JSRA Kamerasekuriteitstelsel is vir die afgelope bykans 12 maande gedeeltelik in werking en maak reeds 'n bydrae tot die monitering van die publieke areas in ons gebied. Die stelsel word tans opgegradeer en die direksie deel graag inligting rondom die opgradering wat gedoen word asook wat die beplanning vorentoe is.

Die kamerasekuriteitstelsel maak die afgelope 12 maande gebruik van 'n radionetwerk. By tye is die radionetwerk se stabiliteit asook bandwydte problematies en word kritiese beeldinligting nie vasgevang nie. Die veseloptika kabelnetwerk wat in die buurt geïnstalleer is gee ons nou die geleentheid om die radionetwerk te vervang.

Daar word tans gewerk om 28 van die bestaande sekuriteitkamerapunte vanaf die radionetwerk na die veselnetwerk om te skakel. Weens die hoër bandwydte sal die kamerabeelde daarna baie meer betroubaar en in meer detail na die beheersentrum gestuur word.

Voorsiening is in die Frogfoot kontrak gemaak om 'n addisionele twintig kamerapunte in die buurt te installeer, waarvan tien as 'n prioriteit gestel is vir vroeg in 2018. Frogfoot voorsien die netwerkpunte vir die kameras en die JSRA befonds die twee kameras en beheerelektronika vir elke paal.

Om ook die Noorde- en Suidekant van ons area beter te dek, beplan ons addisionele kamerapunte in hierdie areas.

Die kamerabeelde word tans na Stellenbosch Wag en die Universiteit se Beheersentrum gestuur en eersdaags moontlik ook na die Munisipaliteit se Beheersentrum. Die beelde word elektronies geargiveer vir ongeveer 'n week om terug te kan verwys na insidente.

Die tegnologie rondom die herkenning van nommerplaatinligting het die afgelope jaar baie verbeter en die Munisipaliteit het 'n paar stelsels geïnstalleer wat baie goed werk. Die JSRA het die geleentheid benut om by hierdie inisiatief en tegnologie in te skakel.

Die opgegradeerde kamerasekuriteitstelsel stel ons nou in staat om meer doeltreffend paaie, parke en publieke areas te monitor. Net soos WhatsApp raak dit deel van ons lewens en dra dit by om beter insig te kry rondom voorvalle. Reaksie op voorvalle word nou meer gefokus uitgevoer in samewerking met die US se Kampussekuriteit, Wetstoepassing by die Munisipaliteit, die SAP en ander sekuriteitsfirmas binne die Stellenbosch Sekuriteit Inisiatief.

Die JSRA direksie het namens sy lede groot waardering vir persone wat bygedra het tot die befondsing van ons kamerasekuriteitstelsel. Ons vetrou dat dit in die toekoms nog verder uitgebou sal word om ons sekuriteit verder te verbeter.

Navrae rondom die kamerastelsel kan gerig word aan Belinda by manager@jonkershoeksra.co.za

**Upgrading of the JSRA Camera Security System**

The JSRA Camera Security System has been partially operational for the past 12 months and already contributes to the monitoring of public areas in our area. The system is currently being upgraded and the board of directors is happy to share information about the upgrading that is being done as well as the plans for the future.

The camera security system has been using a radio network over the past 12 months. At times, the radio network's stability as well as bandwidth is problematic and critical image information is not captured. The fibre optic cable network installed in the area now gives us the opportunity to replace the radio network.

Currently, 28 of the existing security camera points are being switched from the radio network to the fibre network. Due to the higher bandwidth, the camera images will then be sent to the control centre in a much more reliable and more detailed manner.

Provision was made in the Frogfoot contract to install an additional twenty camera points in the neighbourhood, of which ten are prioritised for early 2018. Frogfoot provides the networking points for the cameras and the JSRA funds the two cameras and control electronics for each pole.

To better cover the North and South side of our area, we plan additional camera points in these areas.

The screenings are currently being sent to Stellenbosch Watch and the University's Management Centre and, as soon as possible, also to the Municipality's Control Centre. The images are archived electronically for about a week to refer back to incidents.

Technology for recognizing number plate information has improved greatly over the past year and the municipality has installed some systems that work very well. The JSRA has taken the opportunity to engage in this initiative and technology.

The upgraded camera security system now enables us to more efficiently monitor roads, parks and public areas. Like WhatsApp, it becomes part of our lives and helps to get better insight into incidents. Response to incidents is now more focused in cooperation with SU's Campus Security, Law Enforcement at the Municipality, SAPS and other security firms within the Stellenbosch Security Initiative.

The JSRA board of directors has great appreciation on behalf of its members for individuals who contributed to the funding of our camera security system. We know that in future it will be further expanded to further improve our security.

Inquiries about the camera system can be directed to Belinda at manager@jonkershoeksra.co.za